

18 Desember - WET

Skrifgedeelte: Eksodus 20:1-17 (NAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 20:1, 2

Die wet van die Here word elke Sondag in die kerk afgekondig, jaar in en jaar uit. Die wet van die Here vorm 'n kernmoment van elke ontmoetingsgeleentheid in die erediens. Die wet is tegelykertyd die bron waaruit ons ons ellende kan ken; die tugmeester na Christus toe en die reël vir ons dankbaarheidslewe. Dit is veral in die verootmoedigings- en versoeningsdeel van die erediens waar die afkondiging van die wet so uiters belangrik is in die ontmoeting met die Here.

In die Ou Testament het die seremoniële- en ander wette, wat God aan Moses gegee het, in die tempeldiens en die lewe elke dag, koslike leiding aan gelowiges gegee oor hulle diens van die Here. 'n Duidelike neerslag hoe belangrik, suiwer en kosbaar die wet was, word in heelwat van die Psalms gevind.

Die Ou-Testamentiese wette en die Wet wat die Here met sy eie vinger op die kliptafels by Sinai (Eks 20) geskryf het, het na die koms van die Messias gewys, in besonder omdat die wet nooit volkome nagekom kon word nie. Die koms van ons Here Jesus Christus het die wet van die Here besondere betekenis gegee. Christus het met sy koms die wet vervul en die wet sy ware betekenis laat kry.

Daarom word die wet van die Here elke Sondag afgekondig, nie as Ou-Testamentiese wet op sigself nie, maar in die betekenis van die vervulling van die wet. Die wet van die Here geld vandag net so duidelik as in die Ou Testament, maar nou in sy volle betekenis. Dit is liefde tot God en liefde tot ons naaste. Liefde het sy klimaks aan die kruis gekry in God se volmaakte liefde in sy Seun.

Die inleiding tot die wet is nie meer beperk tot die verlossing uit die slawerny in Egipte nie, maar God is nou die volkome Verlosser van sy ewige kerk wat Hy deur sy Seun vergader.

Omdat die verlossing volkome is, daarom wil God se kinders sy geboorte uit dankbaarheid nakom. Hulle wil nie net alles wat verbied word, dankbaar uitleef nie, maar ook in die plek van die oorwegend negatief-gestelde geboorte, die positiewe wat deur die geboorte bedoel word, dankbaar uitleef.

Sing: Psalm 119:6, 7 (1936-beryming)

Dr RM van der Merwe (Wolmaransstad)